Maar Van Die Begin Af Was Dit Nie So Nie

Goeienaand, vriende. Baie bly om terug te wees vanaand in die diens van die Here God. En vertrou Sy seëninge op die dienste vanaand.

2 Was bly om vir Broer Robert Daugherty daaragter in die kamer te sien vanaand. Dis. . .Dit was Broer Daugherty wat my eerste veldtog geborg het. En ek onthou om na hom toe te gaan. Daar's nogsteeds mense wat hier sit, wat my gehelp het om daar te kom. En Broer Creech hier, dink ek, is een van hulle. Die visioene het net begin plaasvind, en die Engel van die Here het my pas ontmoet hierbo by Green se Meul, my gesê wat sou plaasvind. En dit was skaars twee weke daarna dat hy my gebel het om oor te kom na St. Louis. Sy dogter was met een of ander soort van 'n. . .soos Sint Vitus se dans.

3 En ons het soontoe gegaan en gebid, en allerhande beloftes afgelê, en dit het net gelyk asof niks net sou gebeur nie. Ek sou net bly (Want, ek het nie veldtogte voor dit gehad nie.) net totdat dit verby was, totdat ek uitgevind het wat die Here sou doen.

4 Jy weet, Broer Robert, dit sou beter gewees het as ek dit net so gehou het. Natuurlik, daar sou waarskynlik nie soveel gered gewees het nie. Maar, net by een geval bly totdat dit verby is, tot jy weet.

5 En die volgende dag, ek dink, dit was omtrent twee- of drie-uur in die middag, van dieselfde dag, ek kan nie nou onthou nie. En ek het in 'n motor gesit, buite die pastorie. En sy vader was daar. En ek was alleen. Ek het die Gees van die Here voel kom, en ek het uit die pastorie uitgegaan en daarbuite gesit. En klein Bettie was net soos 'n wilde persoon, net geskree. En dokters kon niks vir haar doen nie. En ma en pa, albei, hulle het baie erg gelyk. Hulle het dae en weke, oor haar gewaak. En daar het 'n visioen gekom, net voor die motor, voor die motor. En ek het die visioen gesien, en ingehardloop en vir Broer Robert en hulle vertel net wat om te doen. Die meisie sou gesond word.

6 Ek veronderstel jy het gesê sy sal hier wees môre-aand, nie waar nie, Broer Robert, om te getuig? So nou as. . .Dit was omtrent veertien jaar gelede, reken ek, twaalf, veertien jaar gelede. [Broer Robert Daugherty sê: "Dis dertien, dink ek."—Red.] Dertien jaar gelede. En sy's 'n gesonde, aantreklike jong vrou. Sal hier wees môre-aand, as die Here wil.

7 Goddelike genesing hou net solank geloof hou, dis reg, net solank geloof hou.

8 En ek glo ek sien Broer Fred Sothmann, en my vriende van Kanada ook, wat hier agterin sit. Bly om julle almal hier te sien vanaand. En baie ander vriende hier. Ek wens ek het tyd gehad om ieder en elk van julle te herken. Ek reken ek kon nie, van hier af nie, maar ek wil hê julle moet weet dat ons julle beslis verwelkom. Broer Boyd hier, ek glo ek onthou hom. En die Mennoniete broer. So ons was bly om julle hier te hê vir hierdie klein tydjie van gemeenskap om die Woord. En nou, môre die . . .

9 Ons wil dit ook aankondig, dat die nuutste van die boeke. Nou ons is nie hier . . .

10 Ek kan nie dink aan hierdie broer wat sit, Mennoniete broer langs hom nie. Ek kan nie . . . [’n Broer sê: “Harson.”—Red.] Harson. Ja.

11 Die—die boeke is aan die agterkant, by ’n tafel daaragter. Hulle is die nuutste boodskappe. Hulle was nog nie in die veldtogte nie. Hulle is daaragter saam met die bandopnames, die nuutste van die boodskappe ensovoorts. En die kêrels het hulle laat druk, en hulle is beskikbaar aan die agterkant van die gebou soos julle uitgaan vanaand. En ek dink die . . .

12 In die oggend, ek dink die onderhoude begin omstreeks agt- of agt-dertig, in die oggend. En, goeiste! Ek het hom gesê om onderhoude te reël vir diegene wat my privaat wou sien oor geestelike sake. Goeiste, ek het nie besef dat die klein tabernakeltjie hier sou . . . dit so sou wees nie. Maar dis beslis baie vol. Goeiste! So, wel, dis goed. Die Here kry soms seëninge van dit wat ons probeer doen, om iets te doen om die broers en susters langs die pad te help.

13 Nou ons probeer, elke aand, om iets te vind waarna ek soek. En dit is, dat, God my deur ’n visioen vertel het dat my bediening sy derde wending sal maak. En ek verlang dat dit hier by die tabernakel sal gebeur. Ek weet nie of dit sal of nie, maar ek verlang dat dit sal. En ek vertrou dat dit op ’n manier sal wees wat sal . . . Ek in staat sal wees om die Evangelie op so ’n manier te preek, of iets sal doen wat die beproefde mensdom sal help om ’n gelukkiger lewe te lei, en ’n gesonder lewenswyse. Dis my opregte begeerte. So dit mag wees vanaand dat . . .

14 Ek het my skoondogter gevra oor gebedskaartjies, en sy het nie enige daar oorkant nie. En Billy hou hulle gewoonlik. En Gene en Leo het nie enige nie. So, ons sal net die dienste moet gebruik daarsonder, reken ek, die beste wat ons kan, as ons dit vanaand doen. Ons sal sien hoe dit uitkom.

15 Dan, na hierdie dienste, sal my volgende dienste in Nieu-Seeland wees, en dan ook in Australië, en onder deur daardie dele van die land.

16 Vanaand, het ek gekies om ’n paar Skrifte te lees uit die Boek van Markus, die 7de hoofstuk, as julle graag daarnatoe wil blaai, vir meditasie vir die Boodskap.

17 En voor ons dit doen, laat ons net 'n oomblik ons hoofde net buig en met Hom praat.

18 Here, ons is dankbaar teenoor U, vanaand, vir die voorreg om nog 'n keer saam te vergader. U was so goed vir ons deur hierdie dag. U het ons voorsien van lewe en krag dat ons die geleentheid gehad het om weer na U diens te kom en U te aanbid.

19 En ons is dankbaar vir ons land, dat daar steeds 'n geleentheid is en 'n oop deur, dat mans en vroue God kan aanbid volgens die oortuigings van hulle eie gewetens. Mag dit lank wees, Here. Maar ons sien, volgens die profesie van die Bybel, dat hierdie deure binnekort sal sluit, wêreldwyd. So laat ons, vanaand, die goedheid van God en die seëninge ontvang, en al die Lig wat ons kan, op die Skrifte, Here, dat ons voorbereid kan wees op daardie uur wanneer dit kom, dat die Heilige Gees in ons siele gestoor sal wees, Wat hierdie dinge vir ons gedagtes sal kan ontrafel.

20 Ons sal ook veral vra, vanaand, Here, vir hulle wat siek, behoeftig, en beproefd is. U groot Genesingskrag en genade op elkeen van hulle sal rus. Seën U Woord wat uitgaan, Here, en ons sal U prys. In Jesus se Naam, vra ons dit. Amen.

21 In Markus, die 7de hoofstuk, lees ons 'n paar versies soos hierdie.

> *En die Fariseërs en sommige van die skrifgeleerdes wat van Jerusalem gekom het, het by Hom saamgekom;*
>
> *En toe hulle sommige van Sy dissipels met onrein, dit is met ongewaste, hande sien brood eet, het hulle dit afgekeur.*
>
> *Want die Fariseërs en al die Jode* eet *nie—eet nie as hulle nie deeglik die hande gewas het nie, omdat hulle vashou aan* hulle *oorlewering van die ou mense.*
>
> *En wanneer hulle van die mark* afkom, *eet hulle nie as hulle nie gewas het nie; en baie ander dinge is daar wat hulle aangeneem het om te onderhou: die wassery van . . . bekers* en staanders *en kanne en kopergoed en bedde.*
>
> *Daarop stel die Fariseërs en die skrifgeleerdes Hom die vraag: Waarom wandel U dissipels nie ooreenkomstig die* oorlewerings *van die ou mense nie, maar eet brood met ongewaste hande?*
>
> *En Hy antwoord en sê vir hulle: Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle* harte *is ver van My af.*
>
> *Maar tevergeefs vereer hulle My deur* lering *te leer wat gebooie van mense is.*

Want terwyl julle die gebooie *van God nalaat, hou julle aan die oorleweringe van die mense vas: die wassery van kanne en* van *bekers, en ander derglike dinge van dieselfde aard doen julle baie.*

En Hy sê vir hulle: Julle . . . om die gebooie *van God opsy te sit en so julle oorleweringe te onderhou.*

22 En in die Boek van Mattheüs, die 19de hoofstuk en die 8ste vers, en die laaste fase van daardie 8ste vers, wil ek graag vir 'n teks lees. En dit is soos dit lui:

. . . maar van die begin af was dit nie so nie.

En die Here seën nou die lees van Sy Woorde.

23 Toe ons Here hier op aarde was, het Hy, in die dae van Sy bediening, mense ontmoet, wat hulle tradisies van mense behou het, en dinge geleer het wat teenstrydig met die gebooie van God was.

24 Ek wonder, vanaand, as Hy weer vanaand sou kom, sigbaar, of Hy nie net omtrent dieselfde toestand sou vind nie. Hoe hulle daardie tradisies so heilig bewaar het, nadat hulle die gebooie van die Here ontvang het, net wat om te doen! Mense kan nie tevrede wees met wat God sê om te doen nie; hulle moet hulleself 'n bietjie aanstel daaroor.

25 En wanneer die mens enigiets beetkry, verdraai hy die hoofsaak. En om enigiets te verdraai, is om dit anders as die oorspronklike te maak.

26 Soos, onregverdigheid, onregverdigheid is niks meer as regverdigheid verdraaid, wat die verdraaide brein van die mens verander nie.

27 God het die mens gemaak om gelukkig met mekaar saam te leef. Verdraaidheid verander hulle en maak hulle vyande van mekaar. Mense maak ons vyande van mekaar, terwyl God ons broers van mekaar maak.

28 Mense het mense onsedelik gemaak. God het die man gemaak om getrou te leef aan sy vrou. Maar die mens kom en verdraai dit, en hy is nie tevrede met sy eie vrou nie, maar wil saam met die res van die vroue leef.

29 God het ons goeie, suiwer water gegee om te drink. Die mens moet alkohol of iets anders vermeng, daarmee, voor hy dit drink. Dis verdraaïng, vanaf die regte begin daarvan.

30 En deur so te maak, vind ons dat hierdie dinge plaasgevind het in die kerk, omdat die mens in die dinge van God begin peuter het, en hy sy gevolgtrekking gemaak het van wat Dit beteken. Hy neem Dit nie net soos Dit geskryf is nie, maar hy kry sy eie idee Daarmee vermeng. En dan, daardeur, maak hy 'n tradisie, en hy onderrig dit. En Jesus het gesê, toe Hy op die aarde was en dit gevind het, Hy het gesê: "Tevergeefs vereer julle My." Nou,

daar is dit, dan, moontlikheid, en dit is so, dat daar 'n werklike aanbidding van God kan wees, verkeerdelik. "Tevergeefs vereer hulle My, deur die Lering te leer wat gebooie van mense is."

31 Nou, in ons Skriflesing vanaand, as julle sal aanlees, sal julle vind dat waar God gesê het: "Eer jou vader en jou moeder; en as 'n man sy vader of moeder nie eer nie, laat hom die dood sterf." Maar Hy het gesê: "In julle oorleweringe, het julle die gebooie van God kragteloos gemaak, en gesê: 'As dit is, as 'n man sy vader of moeder nie eer nie, dat dit 'n offergawe is, en hy word net vrygespreek.'"

32 Sien julle hoe die mens dinge verdraai? Maar hulle hou daarvan om te aanbid, en hulle dink hulle aanbid reg, wanneer hulle verkeerd aanbid. En ek is seker, na die afwesigheid van Christus, vir tweeduisend jaar, het iets êrens verkeerd gegaan, want ons kry te veel idees.

33 En, vanaand, is daar amper negehonderd verskillende denominasies van kerke in die wêreld, dis Christen denominasies, verskillende idees. En elkeen hou vas aan hulle tradisie. O, hoe hulle hou daarvan om dit te sê: "My tradisie is reg." En dan, wanneer een kerk Dit so sal verduidelik, en sê, wel, dit amper volmaak maak, dat daardie kerk reg is. En ons is daar deur in die laaste paar aande hier, oor hoekom ons nie 'n denominasie is nie. En wanneer 'n denominasie begin word, begin dit op die beginsel van iemand wat 'n openbaring van iets kry, wat heeltemal goed kan wees, maar hy maak 'n denominasie daaruit en dan kan hy nie enigsins verder gaan nie.

34 Maar God wil hê ons moet vry bly. Hy wil ons by 'n plek laat kom waar, as Hy vir ons 'n bietjie Lig gee, ons Dit kan ontvang, en nog meer Lig kan kry, en nog meer Lig, en net bly voortgaan. Dis waarom ons hou daarvan om vry te bly, sodat ons net die Bybel kan preek, die manier waarop Dit geskryf is, en Dit net so glo.

35 En, vandag, het ons in tradisies verval. Nou, in ons teks vanaand, vind ons, dat hulle gesê het: "Is dit wettig om ons vrou vir enige rede te skei?" Wel, dit is amper so vandag. As hulle net nie meer saam met hulle vrou, of man, wil lewe nie, sal hulle net 'n rede vind en van haar skei. 'n Prediker kom, of magistraat, trou hulle met 'n ander. Sien, dis 'n tradisie.

"Wel," sê hulle: "ons kerk glo dit so."

36 Wel, dit maak nie soveel verskil oor wat ons kerk sê nie. Dis wat die Bybel daarvan sê, wat die verskil maak. God behoort die finale Woord te wees in elke besluit wat ons maak.

37 'n Paar dae gelede, is ek voor die hof gedaag, of sou wees. En hulle het my 'n paar harde vrae gevra. En hulle het gesê: "Waarom het jy die geld van die veldtogte deur jou kerk laat gaan, as 'n stigting?"

38 "Wel," ek het gesê: "dit is omdat ek deur die Binnelandse Inkomste ontvanger gesê is dat ek dit so moet doen, omdat dit 'n stigting is." Ek dit het bly voortgaan. En hy het gesê: "Hierdie man het jou nie die waarheid vertel nie."

39 Ek het gesê: "Wel, hy het die regering verteenwoordig. As ek 'n veldtogbestuurder in 'n stad instuur om my te verteenwoordig, vir vyf aande daar in 'n veldtog, en hy verteenwoordig my vir agt aande, is ek pligsgebonde vir agt aande, omdat die ambassadeur gesê het agt aande. En die regering moet bly by wat hulle verteenwoordigers sê."

40 Toe het hy gesê: "Wel, die . . . daardie man is nie meer in die regering nie."

41 Ek het gesê: "En eendag sal jy nie meer in die regering wees nie. En die een wat die grondwet geskryf het, is nie meer by hulle nie. Ek wonder of dit nog geld." Julle sien, hulle probeer 'n skuiwergat vind, maar in plaas daarvan om net eerlik te wees en by die beginsel te bly.

42 Dis hoe mense vandag raak in alle lewenswandels. Dis hoe die kerke raak; hierdie kerk, ander kerke. In plaas van uit te kom en die feite te trotseer wat God gesê het, probeer ons 'n skuiwergat vind om onsself te regverdig. En dit behaag God nie. En iemand het dit begin, en ons wonder dan net wat die waarheid is.

43 Ek het 'n uitdaging gerig, 'n paar dae gelede, aan 'n man wat gestaan het en die Apostoliese Geloofsbelydenis, sogenaamd, opgesê het: "Ek glo in God Almagtig, God die Vader, die Skepper van hemel en aarde," ensovoorts: "en ek glo in die gemeenskap van die heiliges."

44 Nou, 'n mens kan nie opreg, uit sy hart, daardie geloofsbelydenis opsê en reg wees met God, en die Bybel ken nie. Enigiets wat met heiliges gemeenskap hou, is spiritualisme, enigiets wat met die dooies gemeenskap hou.

45 En hierdie man het omgedraai en gesê: "Wel, waarmee hou jy gemeenskap?"

Ek het gesê: "Jesus Christus."

Hy het gesê: "Wel, Hy het gesterf."

46 "Maar," ek het gesê: "Hy het weer opgestaan. En Hy is nie dood nie, maar Hy lewe. Maar Maria, en al die ander apostels, en al die mense met wie jy aanspraak maak om gemeenskap te hou, is dood en het heengegaan. En die Bybel sê: 'Daar is geen middelaar tussen God en die mens, behalwe die Man Christus Jesus nie.' Daarom, met die tradisies van die mens, het julle die gebooie van God kragteloos gemaak."

47 En ons probeer God behaag deur 'n yslike groot kerk te bou, deur sitplekke op te stop, en deur dit mooi te maak. Dis alles reg.

Daar's geen besware daarteen nie, maar dit is nie net wat God gesê het om te doen nie.

48 Ons probeer ons kerk 'n bietjie besonders maak teenoor die ander kerk, deur die bes-opgeleide pastoor, wat ons kan kry, in ons preekstoel te kry, wat sy woorde so kan uitspreek met so 'n elegante toespraak. Dis alles reg, maar dit is steeds nie wat God gesê het nie. En in die meeste kerke, as . . . Ons kerke vandag, as die man nie 'n kweekskool-ondervinding het nie, sal die gemeente hom op geen manier inbring nie. Hy moet 'n kweekskool-opleiding hê. Maar dis nie wat die Bybel gesê het nie. Dis nie wat Jesus gedoen het nie.

49 Jesus het manne geneem wat nie eers hulle ABC's geken het nie, en hulle gesalf met die Heilige Gees. Die vereiste van God was nie om 'n geleerdheid te ontvang nie, maar om die Heilige Gees te ontvang. Geen man behoort die Evangelie te preek sonder om eers die Heilige Gees te ontvang nie. Sien hoe ons die gebooie van die mens geneem het, en Hulle verdraai het? Jesus van Násaret, voor Hy die dissipels laat preek het, in Lukas 24:49, het Hy gesê: "Kyk, Ek stuur die belofte van My Vader op julle. Maar wag julle, wag julle net 'n oomblik, voor julle gaan. Moenie spring wanneer Ek dit sê nie. Maar," het Hy gesê: "wag in die stad van Jerusalem totdat julle toegerus is met krag uit die Hoogte. Dan sal julle My getuies wees, beide in Jerusalem, en in Judéa, en in Samaría in, en tot aan die uiterstes van die wêreld."

50 Maar, vandag, het ons dit verander. En ons het dit gemaak dat ons moet skool toe gaan, en sekere taalkundigheid en sielkunde vereis, en van sekere maniere wat ons onsself op die—op die preekstoel moet gedra, en van baie verskillende klein tradisietjies. En ons kan nie verkramp wees nie. En dan die doktrine van die kerk kry, die kategisme leer, wat die kategisme sê.

51 Jy word nie gered deur die kategisme te ken nie. Jy word nie gered deur by die kerk aan te sluit nie. Jy word nie gered deur die Bybel te ken nie. Jy word gered deur Hom te ken, Christus. "Want om Hom te ken, is Lewe."

52 Daarom, ons neem die tradisies van die mens, en maak die gebooie van God kragteloos. Ons kweekskole doen dit. Ons kerke vereis dit. Ons kerke sou dit nie vereis, tensy die mense dit vereis nie. Die mense moet dit goedkeur, of hulle kon net wegbly daarvan, en tot God bid om iemand vir hulle op te rig. Hulle doen dit. Die mense doen dit. Hulle forseer julle nie om dit te doen nie.

53 En dan in daardie dae, het die Fariseërs en Sadduseërs en die godsdienstiges van daardie dag, geglo die kerk gee hulle verlossing. Wat ook al die kerk sê, dis net presies hoe dit moet wees, want die kerk het so gesê.

54 Wel, dis net so vandag. Mense kyk na die kerk om hulle verlossing te gee. Jy kry nie verlossing deur ’n kerk nie. Jy kry verlossing deur Christus, nie deur ’n sekere kerkorde te ken, of een of ander geloofsbelydenis, of ’n sekere vorm van doop, of—of sekere aksies of emosies, waardeur jy gaan nie. Jy ken en word gered deur Christus, en dit deur genade. Deur geloof word jy gered, deur ’n roeping van die Heilige Gees. Dis hoe jy Hom ken.

55 Maar hulle het dit in daardie dae gehad, en hoeveel te meer sal hulle dit vandag hê! En dan, begin die mense wonder, na dit ure sou neem om hierdeur te gaan: “Waarom is ons in die toestand waarin ons is?” Daar is dit.

56 As ’n kontrakteur ’n plan uitgelê het vir sy manne om ’n huis te bou, *so-en-so* ’n manier, en elke man het die bloudruk ignoreer, en hulle het die huis gebou volgens die manier wat hulle gedink het elke man dit behoort te bou, na watter soort huis sou dit lyk? Dink julle dit sou aanvaar word? Dan, as dit so is, wil een man dit op *hierdie* manier gebou hê, en ’n ander op *hierdie* manier, en elke man sou gaan bou volgens sy eie idee. Die enigste manier wat jy ooit die huis reg sou bou, is volgens die bloudruk.

57 En die enigste manier waarop ons ooit sal terugkom by God en God in ons midde kry, is om terug te kom na die Bybelgrondslag. Dit moet net so wees. Jesus het daarvan gepraat toe Hy hier op aarde was, en gesê het: “Waarom ignoreer of omseil julle die gebooie van God, en maak hulle kragteloos deur julle tradisies?” Maar hulle het dit gedoen. En hoeveel te meer doen hulle dit vandag!

58 So dis hoekom die bewoner van die huis nie sal intrek nie. As hy ’n sekere soort huis gespesifiseer het waarin hy wil woon, en hy het daardie reëls gegee en daardie spesifikasies, en om so gebou te word, wel, dan oorhandig hy hulle, die bouer oorhandig hulle aan die kontrakteur. En die kontrakteur lê hulle voor aan die voormanne, ensovoorts. En as hy terugkom na hierdie huis, om daar in te trek, en dit is skeef gebou, en op elke manier volgens elke man se opinie, sou hy nie intrek nie.

59 En wanneer die Heilige Gees na die huis van God toe kom, kan Dit nie intrek wanneer dit op mensgemaakte teorie gebou is nie. Dit moet op die Bybel berus. En *Hierdie* moet die Bloudruk wees. Want daar staan geskrywe: “Laat elke mens se woord ’n leuen wees, en Myne die Waarheid wees.” Ons wil almal glo dat ons daardie Waarheid het.

60 Maar hoe lees jy die Skrifte, met ’n eie uitleg? Die Skrif sê, dat: “Daar geen Skrif gegee word deur ’n eie uitleg nie.” Dit word gegee deur een Uitlêer, dis die Heilige Gees Wat Dit geskryf het.

61 Dit herinner my aan ’n storie wat ek so pas vanmiddag gelees het. Dit was die vroeë lewe van ons Here, toe Hy in Betlehem gebore is en grootgemaak is daar in Judéa. En op die ouderdom van twaalf, was daar ’n—’n sekere gebruike wat

die mense onderhou het, wat 'n fees was. Ek dink die Fees van Pasga. En Sy mense, Maria, Sy moeder, en Josef, Sy pleegvader, het almal opgegaan na Jerusalem om hierdie sekere tradisie te onderhou, net so plegtig as hulle kon. En terwyl hulle daarbo was, het hulle betrokke geraak, in gesprek met hulle familie ensovoorts. En toe hulle vertrek het, het hulle 'n dagreis ver gegaan, en toe begin hulle soek na Jesus. En hulle het Hom onder hulle familie en vriende gesoek, en hulle het Hom nie gekry nie.

62 Wonder of dit nie net is soos die kerk nou is nie. Wanneer hulle by 'n plek gekom het waar hulle besef het Hy was nie by hulle nie. Ek wonder of daar nie Metodiste, en Baptiste, en Pinksters, en wat nog hier is vanaand, wat by daardie plek gekom het, waar jy besef het Hy's nie met jou nie. Maak nie saak wat jy gedoen het nie. Jy mag sekere gewoontes gehad het en sekere dinge waardeur jy gegaan het, maar steeds weet jy, onder in jou hart, Hy's nie daar nie. Ek wonder of daar nie 'n sondaar is, of 'n teruggevallene wat in die gebou is vanaand, wat besef dat Hy nie met jou is, vanaand nie.

63 Nou, moet asseblief nie maak soos Maria het nie. En julle mense wat Maria aanbid, wat daarvan? Sy het begin soek na Hom. En sy het na haar familie toe gegaan en haar vriende, met die gedagte dat sy Hom daar sou vind.

64 En dis hoe hulle vandag maak. Hulle gaan na die kerk toe, om te dink dat hulle Hom dalk daar sal kry. Een hardloop oor na die Metodiste kerk, en hulle sal uitvind wat hulle glo. En hulle sal oorhardloop na die Baptiste kerk, en na die een kerk en die ander, aan die soek onder die kerke. En wanneer dit alles opgetel word, vind hulle 'n hele klomp geloofsbelydenisse, en Christus is nie daar nie.

65 Een van die grootste manne in die teologiese velde, waarvan ek weet, was onlangs by my huis. En hy het gestaan in die kamer. En ek het gedink: "Wat sou 'n groot man soos hierdie doen, om my te kom sien en besoek?"

66 Hy het gesê: "Ek wil net 'n paar woorde vir jou sê, Broer Branham."

67 Ek het gesê: "Goed, wil jy sit?" En hy het. En ek het gesê: "Ek voel baie klein, om met 'n man van jou kaliber te praat." En hy was die President van die groot Sudan Sendings, dis die grootste fundementele sending in die wêreld. En hy het 'n vriend by hom gehad, wat 'n persoonlike vriend van Hyman Appleman was. Was Mnr. Reidhead, is wie dit was, Dr. Reidhead.

68 En hy het gesê: "Broer Branham, toe ek 'n klein seuntjie was," gesê: "was ek eendag buite in die veld, die wolke aan die dophou soos hulle verbygevlieg het. En ek het gesê: 'O, is daar 'n God daar iewers bokant dit?'" Gesê: "Ek het ingehaas na my moeder. En sy, wat 'n goeie Christen moeder was, het my opgetel in haar arms en my liefgehad, en my begin vertel van Jesus. En dit was Hy wat

my geroep het." En gesê: "Sy, wat getrou was aan haar kerk, sy het my laat begin op sewejarige ouderdom, om te leer van Jesus." "Wel," gesê: "met dit in my hart, het ek na elke skool toe gegaan, wat ek geweet het om na toe te gaan." En gesê: "Uiteindelik het ek my Baccalaureus Artium verwerf. Ek het gedink, wanneer ek my graad kry, dat Christus sekerlik net daar sou staan." En gesê: "Toe die Baccalaureus Artium graad op my geplaas is," het hy gesê: "het ek nie . . . En niks was enigsins anders nie." Hy het gesê: "Toe ek my Doktorsgraad verwerf het, het ek gedink Hy sou daar wees." En gesê: "Dit was glad nie anders nie. Net 'n klomp mans wat kom en 'n paar goed gesê het, en my die graad gegee het." En hy het gesê: "Broer Branham, ek het genoeg grade om jou muur mee te pleister. Maar waar is Christus?" Dis reg. Hy het gesê: "Was die leraars verkeerd?"

69 Ek het gesê: "Broer Reidhead, ek sou nie wou sê dat die leraars verkeerd was nie, want ek's nie in 'n posisie om dit te sê nie. Maar, laat my dit sê, Christus kom nie deur Baccalaureus Artium of Doktor van Godsgeleerdheid nie. Maar Hy kom deur die hernuwing van jou gees, deur die Heilige Gees, wat uit die Hemel kom."

Hy het gesê: "Dink jy dat dit vir my sou wees?"

Ek het gesê: "Volgens Hierdie geseënde ou Bybel, is dit vir 'wie ook al wil, laat hom kom.'"

Hy het gesê: "Ek is geleer dat dit vir 'n vergange dag is."

Ek het gesê: "Dan was die leraar, wat dit vir jou geleer het, verkeerd."

Gesê: "Hoe weet jy dat hulle verkeerd was?"

70 Ek het gesê: "Ek het Dit ontvang. En die Bybel het Dit belowe. Dit sal . . . Hier is waar Hy Dit belowe het. Nou sê vir my en wys my waar Hy ooit die belofte teruggetrek het. Hy het die Kerk die krag gegee om dit te doen. Nou, waar het Hy dit ooit teruggetrek? As die Kerk vir jou sê dat daardie dinge verby is, dan leer hulle vir doktrine die gebooie van mense, en nie van God nie. Hulle neem die gebooie van God en maak hulle kragteloos, deur hulle tradisie." Dis reg.

71 Jy kan Hom nie onder jou familie vind nie. Jy kan Hom nie vind as jy gaan en sê: "Ek sal 'n Metodis wees, vir 'n rukkie, en kyk wat gebeur. Ek sal 'n Baptis wees, vir 'n rukkie, en kyk wat gebeur nie." Jy sal Hom nooit daar vind, of in geen ander kerk van denominasie nie. Maar enige kerk waarin jy wil ingaan, nie die denominasie nie, maar gaan in die gemeenskap in, nie soseer van die kerk nie, maar die gemeenskap van die Heilige Gees. Dan het jy Hom gevind. Daar sal 'n gevestigde geloof wees.

72 As jy Metodis is, Baptis, Katoliek, Presbiteriaan, wat jy ook al mag wees, as jy Jesus as jou eie persoonlike Saligmaker vind, nie deur hande te skud met die prediker, of die doktrines van 'n

geloofsbelydenis nie, maar deur die vind van die Here Jesus. En die kerke vandag, wat hulle geloofsbelydenisse so maak, hulle beroof God. Hulle neem hulle doktrines, en maak die gebooie van God kragteloos. Dit het nie die effek op die mense nie. Waarom? Omdat ons mensgemaakte teologie, ons doktrines en ons geloofsbelydenisse, die seëninge afgesny het van die mense, en hulle nie die geleentheid het om Dit te ontvang nie. Hulle weet niks Daarvan nie. Hulle weet net hulle behoort aan die kerk. En dis hoekom ons, die kerke, nie gemeenskap het met mekaar nie. Dis hoekom hulle 'n herlewing hou en die ander kerke wil nie met hulle saamwerk, 'n sekere denominasie nie, want hulle sê: "Dis nie my geloof nie."

73 Daar's net een Geloof. Die Bybel het so gesê. Nie geloof in 'n geloofsbelydenis nie, nie geloof in 'n denominasie nie. Maar geloof in God. Dis die enigste geloof wat daar is. "Een geloof, een Here, en een doop." Die Skrif sê so.

74 En nou, na hulle die hele dagreis gegaan het, gesoek het tussen hulle familie, en hulle kon Hom nie vind nie.

75 Ek wonder, vanaand, hoeveel mense hierbinne het oorgegaan na die Baptiste kerk en aangesluit by die Baptiste. Nou, daar's niks . . .

76 Ek is nie teen kerke gekant nie. Ek is vir elkeen van hulle. Maar, waarvoor ek is, dis teen; is, hulle maak hulle geloofsbelydenisse, en trek lyne en grense. As elke kerk net reg by die Bybel gebly het, en Dit net gelees het soos, en nie Daarmee gelol het nie, Dit net gelos het soos God Dit geskryf het! Maar hulle sal 'n klein stukkie neem, sê: "O, dit was vir 'n ander tydperk." Dis geen ander tydperk nie. God is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid.

77 Nou, jy sal 'n dagreis ver gaan, en jy sal rondkyk en jy sal 'n sekere geloofsbelydenis sien, en dan sal jy dink: "Wel, miskien is dit reg." En jy sal ingaan en jy sal rondkyk. Daar sal iemand daarbinne wees wat iets sal doen. Jy sal sê: "Hierdie is nie reg nie."

78 Jy sal jou brief van daardie kerk af neem en dit oorneem na 'n ander. En dan sal jy vir 'n paar dae daarbinne wees, of miskien weke, of maande, of selfs jare. Iemand sal daardie klein appelwaentjie van jou omgooi, en daar trek jy met jou brief, elders heen; en van daar af, na êrens. Jy's nooit gevestig nie. Die Bybel het gesê: "Julle is soos dwalende sterre, skepe sonder seile, rondgeslinger deur enige wind van doktrine." Wanneer, die Bybel ons verbied om dit te doen.

79 Wees stabiel. Weet waar jy staan. Moet dit nie baseer . . . Nou, jy kan eerlik opreg daarmee wees, stabiel wees. Jy kan 'n stabiele Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Katoliek, of wat ook al wees, net so stabiel. Maar moenie stabiel in jou kerkdoktrine wees nie. Wees stabiel in die Bybeldoktrine. Ondersoek dan jou doktrines

met die Bybel. Vra wat Jesus was. As Hy nie dieselfde is vandag nie, dan is jou doktrine verkeerd.

80 Julle het 'n voorbeeld. En Hy het gesê: "Ek is julle voorbeeld. Ek het vir julle 'n voorbeeld gegee, dat julle aan mekaar moet doen, soos Ek aan julle gedoen het." Johannes 13.

81 Nou, maar jy vind uit, dis wat gebeur. Nou, dan is daar net een ware manier om Hom te vind, as sy Hom nie onder die familie kon vind nie. Sy het teruggegaan na waar sy Hom gelos het.

82 Dis wat die kerk behoort te doen. Gaan terug na waar julle Hom gelos het, en daar sal julle Hom vind, julle Metodiste, Baptiste, en Pinksters, en Gemeentes van God, en julle almal, van die Branham Tabernakel, ensovoorts. Gaan terug na waar julle Hom gelos het.

83 Herinner my aan 'n kapelaan, 'n tyd gelede, tydens die Tweede Wêreldoorlog. Hy het my vertel dat hy was masjien . . . na 'n man toe gegaan het, wat 'n masjiengeweer was. Hulle het vir hom vertel hy is sterwend. Hy is deur die bors geskiet, met 'n masjiengeweer, baie koeëls, en hy het gesê die man is sterwend. En die kapelaan het ingegaan om hom te sien. En hy was die kaptein. En hy het ingestap in die tent, en hy het gesê: "Kaptein, is jy 'n Christen?"

Hy het gesê: "Wel, ek was eenmaal 'n Christen."

Hy het gesê: "Wat het dan gebeur?"

Hy het gesê: "Ek onthou net nie hoe dit begin het nie."

84 En hy het na sy kaart gekyk. En hy het gesien dat hy omtrent drie tot vyf minute gegee is, om te lewe, en die beste deel van daardie tyd was alreeds verby. Hoe min weet ons dat baie van ons tyd nie ook alreeds verby is nie! En die kapelaan het vir die kaptein gesê, hy het gesê: "Kaptein, waar het jy Hom gelos?"

"Wel," hy het gesê: "ek kan net nie nou onthou nie."

85 Gesê: "Jy beter opskud, want jy het nie veel tyd om weer terug te gaan op die pad na waar jy Hom gelos het nie." En gesê: "Oral waar jy Hom gelos het, gaan dan reguit soontoe en begin, en jy sal Hom vind."

86 En die kapelaan het gesê hy het 'n paar minute gewag met die Bybel in sy hand om te hoor wat die kaptein sou sê. En hy het aanhou dink en dink, en hy het gesukkel, soos die bloed sy long gevul het. En na 'n rukkie, het 'n groot glimlag oor sy gesig gekom, en die trane het teen sy wange afgerol. Hy het gesê: "O, ek onthou."

Gesê: "Begin van daar af, kaptein, vinnig."

87 En die kaptein het gesê: "Nou lê ek my neer om te slaap. Ek bid dat die Here my siel sal bewaar. En sou ek sterf voor ek ontwaak, bid ek dat die Here my siel sal neem." Sy kop gedraai, en was weg.

88 Waar het hy Hom gevind? In sy hoërskool ondervinding? In sy opleiding van sielkunde van die mens? In sy geloofsbelydenis? In sy kerk? Nee! Waar het hy Hom gevind? By die wiegie. Dis waar hy Hom gelos het, en dis waar Jesus gewag het.

89 Ons sal Jesus nooit vind deur terug te gaan na die begin van Baptisme, terug na die begin van Metodisme, of Katolisisme nie. Ons sal Christus net vind wanneer ons teruggaan na pinkster, die begin. Nou nie die denominasie nie, maar na die ware pinkster ondervinding. Toe 'n honderd-en-twintig mense vergader was in die Bo-Vertrek, waarnatoe Jesus hulle gestuur het, en Hy vir hulle gesê het: "Wag julle in die stad van Jerusalem totdat julle toegerus is met Krag vanuit die Hoogte."

90 Ons sal nooit lank genoeg wag om genoeg geleerdheid te kry nie, nie om Doktorsgrade te kry, of teologiese ondervinding nie. Maar ons sal moet wag totdat daardie pinkster Heilige Gees op die individu val, met toerustende Krag om sy of haar gesig weg te draai van sonde en die dinge van die wêreld, en om te lewe soos 'n Christen. Dan kan jy by enige kerk aansluit wat jy wil.

91 Maar ons het Hom gelos by pinkster. Die Metodis het Hom gelos by pinkster. Die Baptis het Hom gelos by pinkster. Die Katoliek het Hom gelos by pinkster. Die Amish het Hom gelos by pinkster. Die Broederskap het Hom gelos by pinkster. Die Gemeentes van God het Hom gelos by pinkster. Die Verenigde kerk het Hom gelos by pinkster. Daar is waar Hy begin het.

92 O God, help dat dit tuisgebring word aan elke hart. Dis hoekom Hy nie kan woon in hierdie gebou nie. Dis hoekom Hy nie kan kom na ons geloofsbelydenisse en denomonasies nie. Ons het die beginsels verlaat.

93 Luister. Jesus het gesê: "Ek is die Wynstok, julle is die lote." En toe die Kerk Ditself begrawe het in Jesus, het Dit 'n pinksterloot voortgebring. En as die eerste loot, uitgekom het pinkster uit die Wynstok uit, sal elke loot soos die eerste een moet wees. Ons moet weer terugkom na die pinkster ondervinding.

94 As 'n wynstok 'n loot voortbring uit 'n wingerdstok hier, sal die volgende loot 'n wingerdstok wees, die volgende loot sal wingerdstok wees, en die volgende loot sal wingerdstok wees.

95 En Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. En Hy kan net een soort lote hê, en dis pinksterlote, in Sy Kerk, met pinkster ondervindings.

96 "O," sê jy: "Broer Branham, net 'n oomblik. Ek is getrou teenoor my geloofsbelydenis."

97 As jou geloofsbelydenis leer dat, al wat jy hoef te doen, is om hand te skud met die prediker, het Jesus gesê: "Dit was nie so van die begin af nie."

98 Jy sê: "Broer Branham, ek behoort aan 'n groot denominasie, en my kerk sê dat die dae van wonderwerke verby is."

99 Jesus het gesê: "Dit was nie so van die begin af nie." Waar was die begin? Pinkster, waar die Krag van die lewende God geval het op 'n honderd-en-twintig mense, en hulle gedoop het met die Heilige Gees en Krag, vir die dienste aan Hom. Dit het die bekende wêreld verander.

100 Jy sê: "Broer Branham, my kerk glo." Ons sien die vroue op die strate vandag, wat sigarette rook, kortbroeke dra. Jy sê: "Wel, my pastoor sê niks daarvan nie. Ons kerk sê dis reg so."

101 Maar Jesus het gesê: "Dit was nie so van die begin af nie." Dit was nie so nie. "Vir 'n vrou, om mansklere te dra, is 'n gruwel voor God."

102 Jy sê vir my: "Broer Branham, 'n paar aande gelede, het jy besprinkeling veroordeel." Maar jy sê: "My kerk leer dat jy besprinkel kan word, en dis reg so."

Maar Jesus het gesê: "Dit was nie so van die begin af nie."

103 Jy sê: "Maar, Broer Branham, my kerk glo in natgooi. En ek's opreg. En dis 'n groot kerk."

Maar Jesus het gesê, dat: "Dit nie so was van die begin af nie."

104 Sê: "Broer Branham, ek is onderdompel: 'in die naam van die Vader, en in die naam van die Seun, en in die naam van die Heilige Gees.'"

105 Die Bybel het gesê: "Dit was nie so van die begin af nie." Daar was nooit so-iets nie. Volg 'n sekere mensgemaakte leerstelling en geloofsbelydenis!

106 Petrus het gesê, op die Pinksterdag, by die eerste Kerk: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van julle sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God sal roep." Enigiets teenstrydig Daarmee, was nie so van die begin af nie.

107 Jy sê: "Ek behoort aan 'n groot denominasie wat sê: 'Ons praat waar die Bybel praat, en swyg waar Dit swyg.' En ons kerk sê, dat: 'Die dae van wonderwerke verby is.'"

108 "Dit was nie so van die begin af nie." Want Jesus het gesê: "Hy sou dieselfde wees gister, vandag, en tot in ewigheid." "Die hele hemele sal verbygaan, maar Sy Woord sou nooit verbygaan nie."

109 Ons lewe in 'n dag wat hulle die gebooie van God geneem het en hulle verdraai het na die tradisies van mense, maar dit was nie so van die begin af nie. Dis 'n tradisie van mense wat ons aanbid, en nie die gebooie van God nie.

110 Ons het hier gestaan, gisteraand, en met ons eie oë, 'n blinde prediker sy sig sien ontvang, wat by die platvorm gestaan het. Ek het Hom die einste skaduwees van die dood sien genees, Hom drie

mense sien terugbring na die lewe nadat hulle "dood" verklaar is deur die dokter.

Jy sê jy glo dit nie. "My kerk glo dit nie."

111 Maar Dit was waar van die begin af. Enigiets teenstrydig is nie so, van die begin af nie, want God is die God van die Lewe. Die Almagtige God, Hy kan nie faal nie. Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Ons kan Hom nie in ons geloofsbelydenisse vind nie. Ons kan Hom nie in ons denominasies vind nie. Ons moet Hom vind daaragter waar ons Hom gelos het.

112 Jy sê: "Wel, ek het, Broer Branham. Ek sal jou sê wat ek gedoen het. Ek het gedans in die Gees. Ek weet ek het Dit."

"Dit was nie so van die begin af nie."

"Ek het in tale gepraat, so ek weet ek het Dit."

"Dit was nie so van die begin af nie." Dis reg.

Jy sê: "Ek het geskree, en ek het Dit."

113 "Dit was nie so van die begin af nie." Dis reg. Om Christus te ken, is om die Persoon van Christus te ken, in die vergifnis van sondes, en dit verander jou lewe.

114 Ek het mense sien dans, skree, praat in tale, ensovoorts, en enige soort lewe lei. So, dit kan nie reg wees nie. Ek het hulle by kerke sien aansluit, hande skud, doop, deur allerhande geloofsbelydenisse gaan, en steeds soos die duiwel lewe. "Dit was nie so aan die begin nie."

115 Om Hom te ontmoet, die Persoon, die Here Jesus, om Hom te ken as jou eie Verlosser, om Hom te ken as jou Minnaar: "Om Hom te ken, is Lewe." Maar hierdie ander geloofsbelydenisse en dinge, was nooit, aan die begin, van getuig deur ons Here nie. "Gaan in die hele wêreld in en preek die Evangelie aan elke skepsel." Hoe ver? "Die hele wêreld." Aan wie? "Elke skepsel." "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Dit was wat die begin was. Enigiets teenstrydig daarmee is nie reg nie. Jy vind dit nie in geloofsbelydenisse nie. Jy vind dit in Christus. Hy's die enigste Een.

Jy sê: "Broer Branham, die Bybel het daar gesê . . . "

116 Wat het Dit gesê? "In My Naam sal hulle duiwels uitdryf; hulle sal met nuwe tale spreek, tonge; en as hulle slange opneem, of iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; as hulle die hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Dis wat die Skrif gesê het. Enigiets teenstrydig Daarmee . . .

117 Jy sê: "Hierdie tekens volg hulle. Hy's 'n goeie ou man. Hy betaal sy tiendes. Hy werk goed. Hy behandel sy buurman reg." As dit al is wat dit geverg het, hoef Christus nie te gesterf het nie.

118 Dit neem 'n persoonlike ondervinding om oor te gaan van die dood na die Lewe, en 'n nuwe skepsel in Christus Jesus te

word, met Christus in die hart. Dis die Heilige Gees. Dis waar dit begin het.

119 Daardie dissipels was goeie manne. Hulle was regverdige manne. Hulle het hulle skuld vereffen. Hulle was eerlik. Hulle sou sewentien duim uit die jaart gee; en soveel onse uit die pond; en gaan een myl, sou hulle twee gaan. Hulle was baie godsdienstig, en so was daardie Fariseërs ook. Maar Jesus het gesê: "As iemand nie weer gebore word nie, sal hy op geen wyse in die Koninkryk ingaan nie."

120 Ons moet teruggaan na waar ons Hom gelos het. Gaan terug en vind daar, want hierdie geloofsbelydenisse was nie so in die begin nie. Die denominasionele kerke was nie so in die begin nie. So, laat net alles val en haas terug na pinkster, en vind die waaragtige en die lewende God, Wat die siekes genees, die melaatses reinig, duiwels uitdryf, en aanspraak maak om in die Bybel te wees, dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid. Hy is die God van die begin. Hy is Hy Wat nie verander nie. Hy kan nie God wees, en iets vandag wees en iets anders môre, en iets anders, nie. Hy kan nie oneindig wees en dit wees nie. Hy is absoluut dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

121 Nou, vriende, in die dag waarin ons lewe, wanneer ons sien dat mense die wêreld verderf het met hulle tradisies, wanneer hulle die kerk verderf het met hulle tradisies, wanneer hulle die gedagtes van die mense verderf het met hulle tradisies! Het ons nie daardeur gegaan nou die aand, en gesien waar die ou lae kerk, of prostituutkerk, dogters gehad het, en hulle altwee die ontugtigheid van hulle vuilheid, as Doktrine, uitgegee het nie? Dit kom deur elke organisasie. Hulle is besmet.

122 En, nou sê ek nie gaan weg van jou organisasie af nie. Maar kom weg van net vashou aan daardie organisasie. Kom by Christus uit. Daardie dinge is verkeerd. Kom ons gaan terug na die begin. Dan, as ons dit kan doen, sal jy vind dat Christus in daardie huis sal intrek wat gebou is op die vaste Rots. En daar sal tekens en wonders en elke seëning wat God belowe het, gemanifesteer word deur daardie Kerk.

Kom ons bid.

123 Net voor ons oorgaan tot gebed, terwyl ek hierdie plegtige waarskuwing in jou hart los, is dit met jou soos dit was aan die begin? Die kerk waarin jy is, is dit net 'n geloofsbelydenis of 'n denominasie, of is dit 'n ondervinding wat vir jou dit bring, soos wat dit het aan die begin? As dit nie is nie, dan is dit nie so nie. Sal jy dan nie na die begin toe kom, en van hier af begin nie? En wegkom van geloofsbelydenisse en denominasies, en die lewende God dien nie. As jy hier is, vanaand, en graag onthou wil word in die afsluitingsgebed, sal jy jou hande opsteek na God, en sê: "Onthou my, Broer Branham." God seën julle, deur die gebou. Dis goed. Dis gaaf.

124 Maak nie saak aan watter kerk jy behoort, jou denominasie nie, steek op jou hand, sê: "Wees my genadig, God." God seën julle. Dis goed. Dosyne hande op, regoor die gebou.

125 "Onthou my in gebed, broer, in hierdie uur," sê jy: "want ek wil teruggaan na die begin." God seën jou. God seën jou, jou, jy daaronder, agter in die saal, bo aan die buitekant. Die Here seën julle. God sien julle hande, te veel vir my om te tel. Hy ken elkeen. Ver agter, daardie dame wat haar hande hoog probeer opsteek daaragter, seën jou, suster.

126 Jesus het gesê: "Julle leer as Doktrine die oorleweringe van die mense, en julle maak die gebooie van God kragteloos, met julle oorleweringe." En as Hy dit gesê het in daardie dag, wat van hierdie? Laat ons nou teruggaan na die begin. Wat het . . . Wat daarvan?

127 As die Loot uitgekom het op die Pinksterdag, en 'n Kerk van daardie soort voortgebring het, hulle het in die hele wêreld ingegaan, tekens en wonders het hulle oral gevolg. Nie tekens en wonders wat ons vandag noem nie, maar die dag toe hulle uitgegaan het. Hulle het oral gepreek. Hulle het die mense weer oorgedoop, in die Naam van die Here Jesus. Hulle—hulle het duiwels uitgedryf. Hulle het die siekes genees. Hulle het die oorwinning gehad, van die begin tot die einde.

128 En as jou kerktradisie jou teenstrydig Daarmee geleer het, laat ons teruggaan na die begin waar ons dit verlaat het. En laat ons vanaand hier, 'n lidmate van die Kerk produseer soos aan die begin, wat broederliefde gehad het, vir mekaar, hulle lewens afgelê het vir mekaar. Mans en vroue wat mekaar liefhet, sulke Goddelike liefde, totdat hulle tronk toe, of na die galg toe sou gaan, vir mekaar. Dis die oorspronklike Kerk.

Die Here seën julle, terwyl ons bid.

129 Dierbare Hemelse Vader, soos ons kom by die afsluiting van hierdie Boodskappie, vanaand, en die mense wat langs die mure af staan, wagtend, teen die pilare leun, en langs die mure af, en selfs aan die buitekant. En hulle steek hulle hande op, dat hulle daardie Jesus van die begin wou ontmoet. Gee, Here, dat hulle Hom op hierdie einste uur ontmoet. Want daar staan geskrywe: "Geseënd is hulle wat honger en dors na geregtigheid, want hulle sal gevul word." Groot aantal hande, Vader. Soveel van hulle, ek kan hulle nie op een slag tel nie. Maar U sien hulle almal, en ken hulle almal.

130 En daar staan geskrywe, dat: "Geen mens na My toe kan kom, tensy My Vader hom nie trek nie." Hulle het genoeg van hierdie geloofsbelydenisse gehad, en hulle besef hulle vind Jesus nie in hulle nie. Soos Maria en Josef, moes hulle teruggaan na die begin waar hulle Hom gelos het. Hulle wil graag teruggaan, vanaand, na 'n ondervinding van pinkster, en die Heilige Gees ontvang, en daar weer gebore word in die Koninkryk van God

in. En, gee, Here, dat elkeen van hulle daardie ondervinding sal ontvang, hierdie einste uur. Want ons vra dit in die Naam van Jesus, U Seun.

131 En terwyl ons ons hoofde gebuig het. Ek weet nie of julle kan of nie; as julle graag wil uitstap na die middel van hierdie paadjie, daar's stapplek hierdeur. Kom reguit hieraf, en staan rondom die altaar, en sê: "Broer Branham. . . " As julle dit waarlik glo.

132 Ek mag miskien 'n mistikus gewees het vir julle, in die verlede. Maar siende dat iets plaasgevind het, miljoene om die wêreld het Dit ontvang. [Leë kol op band—Red.]

133 "En dit lyk asof dit net reguit teruggaan na die begin, na die Bybel. Ek het nie daardie ondervinding nie, maar ek—ek wil hê dat jy vanaand vir my bid, net hier by die altaar, en hande op my lê. Want dis hoe hulle het aan die begin."

134 Filippus het afgegaan en gepreek vir die Samaritane. En hy het hulle almal gedoop in die Naam van Jesus. Maar die Heilige Gees het nie op enige van hulle geval, totdat hulle vir Petrus gevra het nie. En hy het afgekom en hande op hulle gelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.

135 As julle 'n gebed sou verlang, en as jou siel belas is met sonde, en tog het jy kerke en dope, ensovoorts probeer, maar dit het nie gewerk nie; as jy wil wees, wil hê ek moet saam met jou bid, vanaand, kom jy nou net reguit op hiernatoe. Ek sal bly wees om my dienste aan te bied aan enige van julle, wat opreg is. En ek glo as jy in die diepte van jou opregtheid kom, kan 'n God, wat blinde oë kan oopmaak, 'n vuil hart reinig. 'n God wat die dooies kan oprig, fisies, kan hom sekerlik geestelik oprig. Hy wat die sterflike liggaam kan opwek, kan beslis die onsterflike siel opwek. *Opwek* beteken "om lewendig te maak." Mag God dit verdiep in julle hart, my dierbare vriende.

136 Julle mense hier, van die stad van Jeffersonville, en New Albany, en Louisville; ek weet nie hoe gaan julle staan in die Oordeelsdag nie, want God het alles net hier gedoen, by hierdie ou nederige, bouvallige tabernakeltjie. Hy het die siekes genees. Hy het tekens en wonders gewys. Hy het—Hy het hierdie voortgebring, Sy Woord, nie enigsins van die Skrifte afgewyk nie, en Homself as God van die lewendes bewys.

137 Hoe gaan jy die Hemel jou tuiste maak, en aan jou geloofsbelydenisse en denominasies vashou, vals godsdienste, en vals dope, en valse emosies? Hoe gaan jy dit doen, wanneer dit reg in jou hart is, in jou hande, om jou besluit te maak? Ek in jou posisie was, sou ek kom, voor dit vir ewig te laat is.

138 Want, onthou, Jesus het van een vrou gepraat wat uit 'n volk gekom het. En Hy het gesê: "Die koningin van die Suide sal opstaan in die Oordeelsdag, saam met hierdie geslag, en sal dit

veroordeel, want sy het van die uiteindes van die aarde af gekom om na die wysheid van Salomo te luister."

139 God seën jou, my suster. As jy net wil kniel, gaan reguit af soontoe. As die klein kindertjies net so ver terug sal skuif as wat hulle kan, vir diegene wat wil kom en kniel vir gebed.

140 Ek gaan net 'n versie of twee sing van hierdie lied: "Ek het my siel geanker." En ek wil hê elkeen moet in gebed bid, terwyl ons sien of diegene wat God soek, graag wil afkom en bid.

My siel geanker in die hawe van rus,
Ek sal nie meer die woeste see bevaar nie;
Die wind mag waai oor die wilde, stormagtige diepte,
In Jesus is ek vir altyd veilig.

Ek het geanker my . . .

141 Soos die Heilige Gees nou reguit ondertoe sal lei na die altaar vir gebed.

. . . die wilde see bevaar . . . (Kom, die teruggevallene.)
Die wind mag waai oor die wilde, stormagtige diepte,
In Jesus is ek vir altyd veilig.

Skyn op my, Here, skyn op my,
Laat die Lig van die vuur– . . .

142 Dis wat dit is. Dis die Woord. Skyn . . . Julle het Dit wat oral om julle skyn.

O, skyn op . . .

143 Sal jy nie opstaan uit jou sitplek, en afkom nie? Gaan terug na jou kerk toe, waar jy ook al vandaan kom; maar kom hiernatoe en vind Hom soos Hy was aan die begin.

Laat die Lig van die vuurtoring skyn op my.

Te wees soos Jesus, net te wees soos . . .

144 Hoeveel sal so wil wees? Steek net jou hand op.

Op aarde wil ek net wees soos Hy;
Regdeur die lewe van aarde tot Glorie,
Vra ek net om te wees soos Hy.

Uit Betlehem se krip kom daar 'n Vreemdeling,
Op aarde wil ek net wees soos Hy;
Regdeur die lewe van aarde tot Glorie
Vra ek net om te wees soos Hy.

Net te wees soos Jesus, te wees soos Jesus,
Op aarde wil ek net wees soos Hy;
Regdeur die lewe van aarde tot Glorie
Vra ek net om te wees soos Hy.

145 Soos hierdie, die dierbare weeklaers, diegene wat die oordeel van die Heilige Gees gevoel het, wat hulle roep na hulle finale bestemming. En onthou, dit mag gebeur met die jongste persoon hierbinne, binne vyf minute. En binne een uur van nou af, mag daar nie 'n lewende persoon op die aarde oor wees nie. Dit kan gebeur. Wetenskap het gesê, twee jaar gelede: "Dit was drie minute voor middernag." Julle weet wat ons gepreek het in die profesieë. Net gereed om plaas te vind. En waarom sou Satan jou gevange hou, met die geringste twyfel in jou gemoed?

146 Nou, julle hier wat besprinkel is, natgegooi, of—of gedoop op ander maniere as Christendoop, laat dit aan julle bekend gemaak word.

> *En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees geval op . . . wat die woord gehoor het.*
>
> *En die gelowiges* wat *uit die besnydenis, almal wat saam met Petrus gekom het,* want . . . *was verbaas toe die gawe van die Heilige Gees . . . op die Heidene uitgestort is.*
>
> *Want hulle het gehoor toe hulle in tale spreek en God groot maak. Toe het Petrus begin spreek:*
>
> *Niemand kan tog die water weer, dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, nie gedoop word nie?*
>
> *En hy het beveel dat hulle gedoop moet word in die Naam van die Here* Jesus Christus.

147 Handelinge 19, laat my vir julle aanhaal, aan julle Baptiste mense. En luister aandagtig hierna.

> *En terwyl Apollos in Korinthe was, het Paulus die boonste landstreke deurgereis en . . .* van *Éfese gekom; en daar* vind hy *sommige dissipels,*
>
> *En hulle gevra: Het julle die Heilige Gees ontvang nadat julle gelowig geword het? . . . hulle antwoord hom: Ons . . .* weet nie *eers dat daar 'n Heilige Gees is nie.*
>
> *En hy vra hulle: Met watter doop is julle . . . gedoop? En hulle antwoord:* Ons is gedoop *met die . . . van Johannes.*
>
> . . . het hy gesê: Waarlik het Johannes met die doop van bekering gedoop *gesê . . . hulle moes glo in die Een wat . . . kom, dit is* Jesus Christus.
>
> *En toe hulle dit hoor is hulle* weer oorgedoop *in die Naam van die Here* Jesus Christus.
>
> *En Paulus . . . hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreek en* God verheerlik.

148 Galásiërs 1:8, Paulus wat weer praat.

Soos ek gesê het, so sê ek weer: as *ons of 'n engel uit die hemel 'n evangelie verkondig in stryd met wat ons vir julle . . . laat hom 'n vervloeking wees!*

149 Maak nie saak hoeveel geloofsbelydenisse van lig, hoeveel denominasies, hoeveel enigiets nie! As jy nie gedoop is in die Naam van Jesus Christus, julle gelowiges nie, beveel ek julle, in die Naam van Jesus Christus, om na hierdie bad toe te stap en gedoop te word. Dis reg. Ja. Dis presies wat die Skrif sê. "Want daar's geen ander Naam onder die Hemel, wat onder die mense gegee is, waardeur jy gered moet word nie." Maak nie saak hoeveel jy . . . wat jy gedoen het, hoeveel jy die Heilige Gees ontvang het nie, laat ons teruggaan na die begin. As jy besprinkel is, natgegooi, of iets gedoop is, in die naam van "Vader, Seun, Heilige Gees," dis 'n vals geloofsbelydenis. Daar is niemand in die Bybel ooit besprinkel, ooit natgegooi, of ooit gedoop in die naam van "Vader, Seun, Heilige Gees" nie. Laat ons teruggaan na die begin, en jy sal Hom vind. Die altaar is oop, en die bad wag. Terwyl ons nog een keer sing: "Net te wees soos Jesus."

Te wees soos Jesus, net te wees soos Jesus,
Op aarde wil ek . . .

150 Sal julle nie hiernatoe kom nie? Wat van julle gelowiges? Daar sal plek oop wees vir julle hier, net binne 'n oomblik.

Regdeur die lewe . . .

151 Wat het Hy gesê? "In die begin was dit nie so nie." As jy soos Hy wil wees!

. . . tot Glorie
Vra ek net om te wees soos Hy.

152 Kom ons bid weer. Kom, suster, as jy hier na die altaar toe kom. Dis alles reg.

153 Here God, laat dit geskryf word, en laat dit gedoen word, Here. Dit is geskryf, so laat dit nou gedoen word. Ek sal nie skuldig wees by die Oordeelsdag, om agter een of ander kerkgeloofsbelydenis te staan nie; maar om die volle Evangelie te preek, in die Krag van die opstanding van die Heilige Gees.

154 Nou, Here, sal U hierdie Woorde eer, en sal U die Heilige Gees stuur op diegene, vanaand, Here? En genees die siekes en die beproefdes in ons midde, dat die mense mag weet dat die God wat die Bybel geskryf het, steeds hier is, en Hy verander nie, hoewel die mens die Woord probeer verander. Maar Hy is die onveranderlike God, wat gesê het: "Dit was nie so van die begin af nie." En as ons sien wat die eerste loot was, in die Wynstok, kan ons waarlik die Boek van Handelinge as ons voorbeeld as 'n kerk neem.

155 Gee, Here, vanaand, dat elke persoon hier, wat nie die Here Jesus gevolg het, en Jesus wat bevestig het Hy was met hulle, met tekens en wonders van die Nuwe Testament doktrine, van

die Boek van Handelinge wat die eerste loot voortgebring het nie, mag hulle nederig val aan Sy voete en vorentoe gaan, Here, en Hom vind soos wat Hy aan die begin was. Want ons kan Hom nie onder ons geloofsbelydenisse en denominasies, en onder ons klein, swak doktrinetjies van hierdie dag, vind nie. Ons moet terugkom na God en die Bybel.

156 Hulle wat hier op hulle knieë is, wat soek na U Heilige Gees, en glo dat Dit na hulle toe sal kom, hulle stel nie enige sekere vorm, enige sekere manier nie. Hulle wil net hê die Heilige Gees moet op hulle kom. Skenk, God, dat hulle harte geopen mag word op hierdie tyd, en die Krag van die lewende God in hulle harte sal val, en hulle vul, en hulle sondes vergewe, en hulle vul met die Heilige Gees. Skenk hierdie dinge, Vader.

157 Nou met ons hoofde gebuig, net voortdurend vir nog 'n minuut, glo ek God gaan beweeg op 'n uitermatige groot manier, net binne 'n paar minute.

158 As daar sommige hier is, vanaand, wat vreemdelinge is, van buite die stad, wat nie na nog 'n diens toe kan kom nie, en in 'n noodtoestand is. Terwyl hierdie by die altaar, soek, wag op God; wat, ons gaan binne net 'n paar minute, by hulle uitkom. Maar as hulle hier in 'n noodtoestand verkeer, en nie net kan wag totdat . . . vir nog 'n diens nie, graag voor gebid wil word, sal julle julle hande opsteek, iemand wat moet vertrek. Een, twee. Goed. Een, twee, wat nou hierbinne is, drie, wat hierbinne is, wat nie meer langer kan wag nie, wat hulle . . . net moet gaan. Vier. Ek sien een aan die agterkant. Daar's vier mense. Vyf. Een net hier. Goed, daar's vyf hierbinne, vanaand, wat nie meer langer kan wag nie. Ek wonder, as julle kan, en kan opstaan; as julle nie kan nie, julle mag vasgedruk wees. En terwyl ons hierdie mense by die altaar hou, wil ek, ook, hê julle moet oorkant in hierdie gebedskamer ingaan, oorkant aan my regterkant hier, hierdie vyf mense.

159 Terwyl ons net vra dat die predikers van hierdie, wat in hierdie gebou is, vanaand, wat glo dat hierdie Boodskap wat ek gepreek het, dat hierdie geloofsbelydenisse en—en mensgemaakte doktrines, vandag, nie van God is nie, maar hulle van die mens is; en dat ons regtig behoort terug te gaan na die Bybelmanier, teruggaan na die begin. Ek wil hê sommige van daardie predikers moet vorentoe stap en hier by my staan, terwyl ons hande lê en bid vir hierdie mense hier, op hierdie mense wat soek na God se groot seëninge op hulle lewe. Party van julle predikers, as julle sal, wat glo dat Hierdie die lewensbelangrike Waarheid van God is. Moet nou nie op enige ander manier kom nie. Sien? Wees 'n man wat glo dat Dit die absolute Waarheid is.

160 En daardie nou, daardie vyf wat hulle hande gehou het, gaan om na hierdie ander kant, as julle kan. Of, kom agter om die platvorm, as julle nie daar kan inkom nie, en ons sal sien wat

gebeur binne 'n paar minute. Gaan reguit deur na *hierdie* kant, broer; as die kinders net sal terugskuif daar.

161 En nou laat diegene wat kom, nou, deurkom vir gebed. Laat hulle deurkom, net as julle kan, net hierdeur.

. . .–nis sal verander na helderste dag.
Laat ons dan almal moed skep,
Want ons word nie alleen gelaat nie;
Die reddingsboot kom gou
Om die Juwele huistoe te neem.

Juig dan, my broer, juig, (O, juig!)
Ons beproewings sal gou verby wees,
Ons sal ons geliefdes ontmoet, ontmoet,
Op die goue oewer.
Ons is reisigers en vreemdelinge hier,
Ons soek na 'n stad wat sal kom,
Die reddingsboot sal gou kom,
Om die Juwele Huistoe te neem.

Die reddingsboot kom gou,
Met oë van geloof sien ek
Soos sy deur die water klief
Om vir jou en my te red,
En ons veilig na die hawe te neem
Na vriende wat ons so liefhet.
"Maak gereed," roep die Kaptein uit;
O, kyk, sy's amper hier.

162 Hou die atoombomme dop, jy kan sien sy's amper hier.

O, juig,
Ons beproewings sal gou verby wees,
Ons sal ons geliefdes ontmoet, ontmoet,
Op die goue oewer.
Ons is reisigers en vreemdelinge hier,
Ons soek na 'n stad wat sal kom,
Die reddingsboot kom gou,
Om die Juwele Huistoe te neem.

163 Nou, vriende, hierdie predikers sal rondom vergader nou, naby rondom nou. Ek gaan in vir hierdie noodgevalle, wat nie kan terugkom nie. En die rede waarom ons dit doen, soos wat ons vanaand doen, is dat daar 'n doopdiens plaasvind, net binne 'n paar minute. En die volgende doopdiens sal Sondagoggend wees, na Sondagskool. Dit sal vir ons Saterdagaand, Vrydagaand, en Saterdagaand, en Sondagaand los, vir genesingsry.

164 Ons wil God se verlossing eerste plaas. Sien? Genesing sal plaasvind. Ons is nie bang daarvoor nie. En so, dit sal plaasvind. Gisteraand, het God agt kosbare siele gered hier by die altaar. O, hoe bly was ek om dit te sien! En ek weet nie wie hierdie is hierrond nie. Party van hulle mag sondaars wees, wat uitroep. Party van hulle mag die Heilige Gees soek.

165 Maar nou gaan ek in. En my vrou daaragter, skat, daar's beide mans en vroue daarbinne. Ek gaan net in om te kyk wat gebeur. Ek vertrou dat die nuwe bediening bedien sal word daarbinne. God weet ek het die Woord net so waar vertel as wat ek dit weet, in die Bybel. Dis reg. En ek gaan terug om te sien wat God sal doen.

166 Nou, môre-aand, as die Here wil, sal ons nie 'n doopdiens hê nie, behalwe as dit 'n noodgeval is, iemand gedoop wil word. Maar onmiddellik, binne die volgende tien of vyftien minute, sal die doopdiens plaasvind.

167 En dan, môre-aand, sal daar wees. . . Ek wil my sust–. . . my skoondogter hierbinne vra, (Skoonsuster? Huh!), my skoondogter, of sy die gebedskaartjies gekry het, vandag. Loyce, het jy hulle gekry? Hulle nooit gekry nie. Wel, ons sal 'n paar skryf. Ons sal hulle kry, op een of ander manier. En ons sal kry, die gebedskaartjies uitdeel, môre-aand, as die Here wil, en begin met ons gebedsrye wat omgaan, gewone gebedsry, as iets nie plaasvind binne die volgende paar minute, in die kamer nie. En dan sal ons sien. Môre-aand, as die Here wil, sal ons die gebedskaartjies vroeg uitdeel, môre-aand, omtrent rondom sesuur, reken ek, of so-iets soos daardie, ses- of ses-dertig, iets, môre-aand, sodat die mense 'n gebedskaartjie kan kry en in die ry inkom.

168 Nou, ek wil net nou hê elke persoon wat kan, om grootliks in gebed te wees. Ek wil hê julle predikers moet by hierdie mense uitkom. Maar, Broer Neville hier by die platvorm. En ek gaan in om te bid vir die siekes. Die Here seën julle.

169 En julle broers, gaan nou reguit na waar hierdie mense nou is. Stap nader, lê hande op hulle, en laat ons bid, soos julle daar kom. Elkeen van hulle bly reg by hulle nou, soos julle na hulle toe gaan. Die hele gemeente wat weet hoe om te bid, buig julle hoofde daaragter, en wees regtig in gebed tot God, dat die Heilige Gees sal val op diegene en hulle vul met die Heilige Gees; en wonderwerke sal doen in hierdie kamer, om die siekes en die beproefdes te genees.

Maar Van Die Begin Af Was Dit Nie So Nie AFR58-1002
(But From The Beginning It Was Not So)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Donderdagaand, 2 Oktober 1958, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2017 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org